



Goeie Genade!

Die Brief aan die Efesiërs

Reeks IV – Een vir almal en almal vir Een Efesiërs 4:1-16

Ons dink ná oor Efesiërs 4 vanuit 'n globale perspektief, spesifiek belig vanuit 'n Japannese hoek. God se bedoeling, sê Paulus in Efes. 1:10 is om “**alles** wat in die hemel en alles wat op die aarde is, **onder een hoof** te verenig, naamlik onder Christus.” Dis dié Een in ons tema vandag: Jesus Christus.

In hoofstuk 4 vervolg Paulus met woorde wat dadelik jou aandag gryp. “Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.” Hy kwalifiseer dié lewenswandel waarnatoe hulle geroep is met vyf eienskappe: wees beskeie, vriendelik, geduldig, verdraagsaam en handhaaf eenheid. Sy klem is op **één liggaam**, Gees, hoop, Here, geloof, doop, God en Vader van almal. M.a.w. die eenheid spruit voort **uit die Drie-enige God** self: Gees, Here [Jesus], God [Vader], maar dis ook begrond in die kerk: liggaam, hoop, geloof, doop. Binne die liggaam van Christus is **genadegawes** aan almal gegee, met die doel om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam, sodat God se kerk uiteindelik soos 'n

volgroeide mens sal wees, so volmaak en **volwasse soos Christus**.

Maar, hoekom sou Paulus só doelgerig uit die tronk in Rome hieroor skryf, hoekom juis vir die gelowiges in Efese? Is dit dalk omdat hy weet dat die Efese gemeente - soos ons lees in Openbaring 2 - haar eerste liefde verlaat het, m.a.w. verslap het in hulle toewyding aan God? Heel waarskynlik, want Efese, as kulturele hoofstad van Klein Asië, was die spilpunt van godsdienstige bedrywighede wat sentreer het rondom die tempel van Artemis. Miskien is dit juis dié agtergrond wat hy in gedagte gehad toe hy die Efesiërs bemoedig in vers 14: Nee, ons sal **in liefde by die waarheid bly** en so in alle opsigte groei na Christus toe...elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

In Japan, met net 1% Christene, laat die oorheersende Shintoïsme, Boeddhisme en ander godsdienste bitter **min ruimte vir 'n Christelike lewens-beskouing**. Die kerk het geen gevestigde staanplek in die gemeenskap nie. Materialisme maak baie

mense apaties teenoor die evangelie. Verder versmoor 'n onbegrensde openheid vir enige tipe geloofsoortuiging soms stilweg die kerk se getuienis. Die verkondiging van die evangelie het op 'n stadium só gebots met die Japannese denkwyses en kultuur, dat elke lewende Christen wat gevind kon word, uitgeroei is vir meer as twee eeue lank. Ons word dikwels **geïnspireer deur die lewenswandel van Japannese Christene** wat toegewy streef na die oproep van Paulus in Efesiërs 4: om beskeie, vriendelik, geduldig en verdraagsaam te wees, én eenheid te handhaaf. Maar, al waarborg die grondwet van Japan godsdienstvryheid, sien en hoor ons dikwels van Christene wat uitsluiting of verwerping ervaar by die werkplek of in familie-verhoudinge.

Ons as julle gestuurdes bly afhanklik van elke medewerker se **ondersteuning** - deur gebed en deur bydraes, meelewing en sorg. Ons bedank julle van harte dat julle die lang pad saam met ons stap. Julle is inderdaad saam met ons gestuur, al is julle nie self in Japan nie. Ek bid dat jy opnuut sal raaksien hoe die diversiteit van God se kerk in verskillende wêrelddele ons verruim en verryk. Daarsonder is ons armer. Dis deel van ons groei in Christus, van ons volwasse word in die geloof: om toenemend blootgestel te word aan **God se liefde vir alle nasies**. Moederkerk is hier in Stellenbosch, in Afrika, vir die ganse wêreld. Geroep as draers van hoop, gevoed vanuit die goeie genade van God. Ons eenheid is veranker in Een, Drie-enige God wat ons aanbid deur een Here, Jesus Christus. Ons is sterker sáám. Want daar is één liggaam, Gees, hoop, Here, geloof, doop, God en Vader van almal. **Een vir almal en almal vir Een!**

Gespreksvrae vir Kleingroepe

- Paulus praat in hierdie perikoop oor die gelowiges se **roeping**. Een van die metafore wat hy gebruik om te weet waar jy inpas, is die *liggaam* – jou unieke eienskap as 'n ledemaat binne die geheel van die liggaam. As ons dit vertaal vir vandag is dit die verstaan van ons *persoonlikheid*, om te weet watter *gawes* jy het, en in watter *omstandighede* jy jou bevind, wat jou help om jou ROEPING te bepaal. Gesels met mekaar hieroor. Hou die spieël vir mekaar op en kyk of julle mekaar nie kan help om 'n beter verstaan van jou eie roeping te kry nie.
- Wat beteken dit in die praktyk as Paulus sê: *Laat julle lewenswandel in ooreenstemming met julle roeping wees..?*
- Na wie toe stuur die Here jou die week as deel van die *stroom van lewende water* om hoop en lewe te bring?
- Sluit af en bid saam ons gemeente visie

Ons Visie

Ons Stellenbosch Moedergemeente
Wil in afhanklikheid van God
'n Rivier van Lewende Water wees.

Ons bely dat Jesus Christus die lewende water,
God die Vader die oorsprong en
die Heilige Gees die vernuwende krag is.

Ons bid dat hierdie lewende water
soos 'n bruisende stroom deur ons
gemeente sal vloei
en wyd sal vertak om die gemeenskap en
die wêreld
te reinig, lewe te gee en hoop te bring.